# Les 17 GELIEFDE KINDERS: LIEFDE WAT DIEN OF LIEFDE WAT VERSKEUR: ROOIBOKLIEFDE EN LEEULIEFDE WERK SOOS MENSE SE LIEFDE VIR DIERE

## 1. Rooibokliefde versorg en beveilig kinders; leeuliefde byt en verskeur kinders

Kom ons lees ’n paar verse saam uit Galasiërs 5:

“[13] *Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as ’n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde.* [14] *Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”* [15] *Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie…* [19] *Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid,* [20] *afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring,* [21] *afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge.…* [22] *Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid,* [23] *nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie*.”

In hierdie verse wys die Bybel ons hoe verskil rooibokliefde van leeuliefde:

**Rooibokliefde** maak dat mense vry is om mekaar in liefde te dien. ‘Dien’ beteken hulle sorg vir mekaar. Die gesindhede waarmee mense mekaar in rooibokliefde versorg is: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

**Leeuliefde** maak dat mense vry voel om mekaar te byt en te verskeur, om mekaar stukkend en eensaam te maak. Die gesindhede waarmee mense mekaar met leeuliefde verskeur is: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al sulke dinge.

## 2. Rooibokliefde en leeuliefde werk soos mense se liefde vir diere

Mense se liefde vir diere werk ook soos rooibokliefde en leeuliefde. Daarom gaan ons mense se liefde vir diere as voorbeelde gebruik om ons te help om hulle rooibokliefde of leeuliefde vir kinders raak te sien.

## 3. Leeuliefde is wip-en-hok-liefde. In rooibokliefde is kinders vry

Party mense vang voëltjies in wippe en sit hulle in hokke. ’n Wip is ’n lokval wat mense vir voëls stel. Hulle gooi ’n klomp saad op die grond, vat ’n stokkie en balanseer ’n kas bo-oor die saad. As die voëltjies kom sit om die saad te eet, dan pluk hulle die stokkie onder die kas uit en die kas val bo-oor die voëltjies. Dan is hulle in die wip gevang en haal die mense hulle uit die wip en sit hulle in hokke.

Hulle sê dit is omdat hulle lief is vir voëls. Hulle wil vir hulle kos en water gee en hulle koppies vryf, wanneer hulle lus is.

Wil hierdie voëltjies hê mense moet vir hulle kos en water gee en hulle koppies vryf? Nee, hulle is onafhanklik. Hulle kan self kos en water kry. Hulle is onafhanklik. Hulle het nie 'n begeerte dat hulle koppies gevryf moet word deur mense nie.

Wip-en-hok-liefde is leeuliefde. Dit vang voëls en vat hulle weg uit hulle swerm. Dit sluit hulle eensaam in 'n hok op, sodat hulle altyd daar is vir wanneer mense vir hulle lus is. Dit neem voëls se vryheid om trots in die bosse te leef, weg en maak dat hulle stukkend, dit is kruiperig en pleitend, moet wag vir dinge wat hulle self kon gedoen het.

Waar kom drank, dagga en dwelms vandaan?

Dit is groot ooms wat dit maak. Hulle plant dit en maak dit in fabrieke. Daar is nie kinders wat dit maak nie. Hierdie ooms wil baie geld maak en baie ryk word met hulle drank, dagga en dwelms.

Hulle het leeuliefde vir kinders. As jy 'n ou oom afhanklik maak van dwelms, hoe lank kan jy geld maak uit hierdie ou oom uit? Miskien so vyf of tien jaar! Maar as jy kinders afhanklik maak van drank en dwelms, dan kan jy sommer vir vyftig jaar baie geld maak uit so 'n kind uit.

Hierdie ooms is baie lief vir kinders. Hulle wil kinders vang, in hokke sit en hulle koppies vryf terwyl hulle vir hulle drank en dwelms voer. Hoe kan hulle dit regkry? Met 'n wip! Hulle stel 'n lokval vir kinders wat só lyk: Hulle sê: "As jy 'n kind is en jy drink drank en jy gebruik dwelms, is jy groot, sterk, dapper en braaf. Dan sal ander kinders vir jou bang wees en grootmense sal nie meer vir jou kan sê wat om te doen nie. As jy drank en dwelms gebruik, is jy baie meer spesiaal as ander kinders."

Wat gebeur met jou as jy hierdie wip aftrap, as jy glo jy is dapper, sterk en braaf as jy drank drink en dwelms gebruik? Jy raak afhanklik van drank en dwelms en jy verloor jou vryheid. Vir die res van jou lewe is jy binne-in hierdie hok: jy moet hulle drank en dwelms koop.

Hulle is baie, baie lief vir kinders. Hulle liefde vir kinders vat alles van kinders weg: hulle geld, hulle toekoms, hulle vriende, hulle ouers. Dit breek jou en maak jou stukkend en eensaam – altyd afhanklik van wat hulle jou wil voer.

**Hoe werk rooibokliefde?**
Dit werk soos mense wat voëls só liefhet, dat hulle hulle nie wil vang en in hokke wil sit nie. Hulle gaan in die bos en veld in en kyk hoe die voëls in vryheid leef. Hulle sorg dat daar genoeg bosse en veld is waar voëls kan leef sonder om gevang te word. Hulle vat voëls wat seergekry het, maak hulle gesond en laat hulle weer wegvlieg.

Dit is mense wat kinders grootmaak om onafhanklik te word en vry kinders te kan wees. Hulle wil nie maak asof kinders groot is nie, maar behandel kinders soos kinders. Hulle sorg dat die omgewing só is dat kinders vry kinders kan wees.

Hulle wil hê kinders moet hard werk sodat hulle eendag self die vryheid kan hê om te besluit wat hulle wil doen en hoe hulle wil leef. Hierdie mense vat nie alles van kinders nie, maar gee vir hulle wat hulle nodig het om vry kinders te wees. Hulle weet God kry alles van kinders en sorg vir alles vir kinders, nie mense nie.

**4. Leeuliefde is vistenkliefde**; **rooibokliefde maak kinders vry**

Party mense vang klein vissies uit damme en die see met ’n vangnet en sit hulle in vistenks. Hierdie vissies het die hele see vir hulleself gehad waarin kon leef, sonder dat mense die hele tyd vir hulle kyk. Maar hierdie mense vat hulle weg tussen al die ander visse, en sit hulle agter glas waar almal altyd na hulle kan kyk en hulle nêrens kan wegkruip nie. Want mense wil na visse kan kyk sommer net wanneer hulle lus is.

Hierdie mense noem dit liefde! Watse liefde is hierdie liefde wat jou wegvat uit die see waar niemand jou kan sien nie, en waar jy altyd deel is van ’n groot skool visse? Dit is leeuliefde!

Daar is party mense wat só lief is vir kinders dat hulle hulle kaal wil sien. Hulle is lus om na jou te kyk as jy kaal is, en hulle wil geld maak deur ander mense na jou te laat kyk as jy kaal is.

Hoe gaan hierdie mense dit regkry om dit met jou te doen? Jou kaal voor hulle uit te trek dat hulle na jou kan kyk?

Hulle gaan jou met ’n vangnet vang. Hoe lyk hierdie vangnet? Hulle gaan vir jou kaal foto’s van ander mense wys en vir jou laat voel jy is baie spesiaal om daarna te mag kyk. Dit is hoe hulle vangnet werk.

Hulle stuur foto’s van kaal mense vir kinders op hulle selfone. Hulle maak prente en DVD’s van kaal mense en laat kinders daarna kyk. Hulle maak foto’s van kaal mense en sit dit op die internet, sodat kinders daarna kan kyk.

Dit is hulle vangnet vir kinders: as hulle kinders kan lusmaak vir kaal foto’s, dan kan hulle maak dat kinders nie omgee om ook kaal op foto’s te wees nie.

Wat gebeur met kinders wat in hierdie vangnet gevang word en in hierdie tenk gesit word: foto’s waarop almal jou kaal kan sien?

Hulle trots en waardigheid word gebreek. Hulle word met skaamte stukkend gemaak en hulle wil nie meer hê mense moet hulle raaksien nie.

Dit is leeuliefde wat alle trots, selfrespek, waardigheid en die vreugde by kinders wegneem wat maak dat hulle graag wil hê mense moet na hulle kyk en sien hoe goed hulle doen.

**Hoe werk rooibokliefde?**
Dit is mense wat nie visse vang en in tenks sit nie. Dit is mense wat sorg dat visse vry in die see mag wees. Hulle maak parke binne die see waar mense nie mag visvang nie. Hulle gaan duik in die see as hulle na visse wil kyk, en kyk net na wat die visse toelaat dat hulle mag sien, en wanneer hulle raakgesien mag word.

Rooibokliefde werk waar mense sorg dat kinders in ouerhuise is en bly, en niemand toelaat om kinders uit die sorg en toesig van hulle ouers te neem nie. Dit is mense wat sorg dat kinders met ander kinders kan speel, en kinders nooit weggevat word van hulle maats af nie. Dit is mense wat graag wil kyk wanneer kinders wys hoe goed hulle kan hardloop, hoe goed hulle kan sing, hoe goed hulle ’n toespraak kan maak. Hulle kyk net na dit wat kinders graag vir grootmense wil wys: om te sien hoe goed hulle is.

**5. Leeuliefde is pitbull-liefde; rooibokliefde maak kinders vry**

Party mense hou pitbull-honde aan. Hulle versorg en gee baie aandag aan hierdie honde, sodat hierdie honde ander honde en mense moet byt. Hulle maak die honde nog kwaaier en hou hondegevegte met hulle honde.

Hulle sê hulle is baie lief vir hulle honde. Watse liefde is hierdie waar ’n hond net liefde kry om te byt en te baklei? Dit is ’n liefde wat hierdie hond eensaam en alleen maak. Al waarvoor hy aandag kry, is om gewelddadig te wees. Dit is leeuliefde.

Mense maak met beeste ook so. Hulle leer die bulle om mense met hulle horings te stoot en dan hou hulle toernooie waar mense hierdie bulle met swaarde doodsteek. Hulle doen dit ook met hoenders. Hulle versorg hulle hane om te baklei, sodat hulle geld met hulle kan maak.

Party grootmense maak kinders so groot – hulle moet anders mense haat. Hulle moet swartmense haat, hulle moet witmense haat, hulle moet ryk mense haat of hulle moet arm mense haat.

Hierdie grootmense voel sterk en magtig as kinders die mense wat hulle as grootmense nie van hou nie, slaan, vloek, beledig, grappe van maak en seermaak. Hulle laat kinders vir hulle veg en baklei.

Só maak hulle kinders eensaam en alleen. Dit is leeuliefde.

**Hoe werk rooibokliefde?**
Dit is mense wat hulle honde versorg en goed afrig soos polisiehonde. Hulle leer hulle om die verskil te ken tussen goeie mense en skelm mense. Hulle leer hulle om skelms weg te jaag en om vriendelik met goeie mense te wees, en hulle nie seer te maak nie.

Hierdie grootmense leer kinders om vir mense respek te hê, en om die verskil te ken tussen goeie mense en skelm mense. Hulle leer hulle kinders om skelm mense te vermy en goeie mense te waardeer. Hulle maak dat kinders vrymoedig met mense kan gesels en saam met mense kan lewe.

**6. Leeuliefde is resiesperdliefde; rooibokliefde maak kinders vry**

Party mense maak perde resiesperde. Hulle voer en versorg hierdie perde om wedlope te wen. Solank hulle wen, kry hulle net die beste, maar sodra hulle verloor, dan word hulle vir ander wenners eenkant toe gestoot en verwaarloos.

So maak mense met leeuliefde met kinders. Hulle sorg en gee al hulle aandag aan kinders wat wen en wat vir hulle belangrik laat lyk. Dit is mense wat aandag gee aan kinders wat die beste op skool doen en die beste met sport is, maar geen aandag gee aan kinders wat nie wenners is nie. Volgens hulle is kinders wat wenners is, álles, en ander kinders niks nie.

**Hoe werk rooibokliefde?**
Ander mense hou perde aan omdat hulle lief is vir perde. Maak nie saak hoe vinnig of stadig hulle hardloop nie, hulle kry altyd liefde, net omdat hulle perde is.

Dit is hoe mense kinders moet liefhê – net omdat hulle kinders is. ’n Mens het nie kinders lief omdat hulle eerste kom, wen, of die beste is nie. ’n Mens het kinders lief omdat hulle kinders is. Só werk rooibokliefde.

**7. Leeuliefde is sirkusliefde; rooibokliefde maak kinders vry**

Leeuliefde vir diere is sirkusliefde. Mense vang diere in die veld waar hulle trots hulleself is en vir hulleself sorg, en dwing hulle om sirkusdiere te word. Hulle dwing ’n olifant om op ’n bal rond te loop. Die grootste en sterkste dier wat bome kan breek en omstoot, moet op ’n bal loop sodat mense vir hom kan lag en handeklap! Hulle dwing leeus, die koning van al die diere, wat met sy brul wys hy is die heerser van die veld, om soos katjies op stoele rond te spring!

Eensaam en alleen, weg uit die veld van hulle troppe af, moet hulle vir kos en blyplek, wat hulle nie eens wil hê nie, toertjies uitvoer.

Baiekeer het kinders se maats hulle met hierdie leeuliefde lief. Jy is die slimste met somme, jy is sterk genoeg om goed sport te doen, jy is ’n baie interessante persoon, maar jou maats gee net aandag aan jou as jy al hierdie dinge los en vir hulle toertjies uitvoer: jy moet wys hoe dronk jy kan word, jy moet wys hoe kwaai jy kan vloek, jy moet wys hoe lelik jy met onderwysers kan wees, dan is hulle jou vriende.

**Hoe werk rooibokliefde?**

Dit is wanneer jou maats nie van jou sirkustoertjies verwag nie, maar saam met jou bly is oor hoe goed jy met jou skoolwerk en jou sport doen. Dit is wanneer jou maats jou raaksien vir wie jy is, en jou die vryheid gun om jouself te wees terwyl hulle steeds jou maats bly.

**8. Die Here het Sy kinders tot vryheid geroep**

Kyk weer wat staan in Galasiërs 5 vers 13: "*Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde*."

Die Here se liefde waarmee Hy ons liefhet, maak dat ons kan sien daar is twee soorte liefde: liefde waarin ons vry is, en liefde waarin ons vasgevang en misbruik word. Die Here se liefde vir ons laat ons die verskil tussen rooibokliefde en leeuliefde by mense, voel en raaksien.

As jy na Galasiërs 5 vanaf vers 13 kyk, sal jy sien dat hierdie elke keer die gesindheid van leeuliefde is: ... *"[19] Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, [20] afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, [21] afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge.."*

Mense wat leeuliefde gee, glo hierdie dinge wat die Bybel sonde noem, is eintlik liefde.

Mense wat rooibokliefde gee, doen dit altyd met die gesindhede soos vers 22 dit vir ons uitwys : "*liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23] nederigheid en selfbeheersing*".

Ons het nou gesien hoe belangrik dit is om hierdie twee liefdes uitmekaar te kan ken en voel. Volgende keer gaan ons kyk hoe die Here se groot liefde vir ons, maak dat ons weet watter een is watter een.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

______________________________

Handtekening: ouer of voog